



22 April 2022

Geagte Ouers

Jakobus 1:5-6 - "Vra vir God as dit nie vir jou duidelik is wat Hy wil hê jy moet doen nie. Hy sal jou eenvoudig daardie wysheid gee, en jou nie verwyrt dat jy dit gevra het nie. Maar, as 'n mens bid, moet jy die vertroue hê dat God sal antwoord, want iemand wat twyfel, is soos 'n brander in die see wat deur die wind aangejaag en heen en weer gedryf word."

## PERSONEEL

### Verjaarsdae

Baie geluk aan die volgende personeel wat verjaar.

23 April – Mnr. Abel Wolfaardt

28 April – Me. Suzanne Fourie (DPS Gr. 6 en Gr. 7)

Mag u 'n geseënde dag en jaar saam met u gesin en familie beleef.

## ALGEMEEN

### Akademie

Die eksamenrooster, sowel as ALLE afbakenings vir gr. 4 – gr. 7 Junie-eksamen is gelaai op TEAMS in die onderskeie grade sowel as in die algemene kommunikasie.

In die lig dat al ons grade tans druk besig is met voorbereiding en belangrike werk vir die assesseringreeks, sowel as die opkomende eksamen, wil ons graag 'n versoek aan ouers rig dat leerders asb. nie onnodig afwesig sal wees of vroeg uitgeteken word nie.

### "World Book Day"

Volgende week vier ons Boekeweek van 25 -29 April by ons skool. Elke graad het 'n program wat hulle volg. Inligting sal aan ouers in TEAMS deurgegee word.

Diskonto Boeke kom stal in die saal boeke teen baie redelike pryse uit op Maandag en Dinsdag.

Leerders sal geleentheid kry om die uitstalling gedurende skooltyd by te woon. Ouers is naskool ook welkom.





## **DISKONTO BOEKE/BOOKS**

BIED 'n BOEKE-UITSTALLING AAN:  
PRESENTS A GIANT BOOK DISPLAY:

### **WANNEER/WHEN?**

**25 - 26 April 2022**

### **TYE/TIMES?**

**25/04: 10H00 - 15H00**

**26/04: 07H30 - 15H00**

DIS 'n BOEKWURM SE DROOM!



IT'S A BOOKWORM'S DREAM!

### **WAAR/WHERE?**

## **Laerskool Roodekrans**

**"ELKE KIND VERDIEN 'n GOEIE BOEK."**

Ons bied 'n groot verskeidenheid boeke aan, van naaldwerk-, kook- en Geestelikeboeke sowel as kinder fiksie en nie-fiksie boeke. 'n Wye verskeidenheid Engelse boeke ook beskikbaar.

**"EVERY CHILD DESERVES A GOOD BOOK"**

We offer a large variety fiction & Non-fiction books direct to the public at affordable prices.

**Ons aanvaar debiet-/ kredietkaarte**

**Debit/Credit Cards accepted**

**Vir meer inligting kontak: For more info please contact:**

**JOHAN PETTIT C: 082-574-3926**

## **Vryheidsdag, 27 April 2022**

Die skool sluit Dinsdag, 26 April normale tyd vir alle grade. Naskool gaan voort soos normaal.

Aangesien Woensdag, 27 April 'n publieke vakansiedag is, herinner ons alle ouers dat geen vroeë oggendwagklas of naskool sal wees nie.





## WELPIE-RUGBY EN MINI-NETBAL

Vriendskaplike Welpie-rugby en Mini-netbaltoernooi teen Laerskool Muldersdrif.

### Mini-netbal

Die 0/6 tot 0/9 Mini-netbaldogters het **Woensdag, 20 April 2022** vriendskaplike wedstryde gespeel.

Dit was 'n heerlike middag, die dogters het dit vreeslik baie geniet. Dit was baie lekker om na 2 jaar ons dogters op die baan te kon sien speel.

Baie dankie ook aan al ons afrigters wat ons dogters so mooi ondersteun en gehelp het op die baan.

Ons sien baie uit na ons volgende Mini-Netbaltoernooi wat op **Woensdag, 4 Mei 2022** by ons skool plaasvind.

### Welpie-rugby

Daar het **Woensdag, 20 April** 'n tasbare opgewondenheid geheers op Laerskool Roodekrans se rugbyvelde. Die 0/6- en 0/7-welpie- rugbyseuns het hul eerste wedstryde gespeel vir 2022 teen Laerskool Muldersdrif. Ons is baie trots op elke welpie wat so mooi tydens die wedstryde gespeel het.

Baie dankie aan al die ouers en grootouers wat die dogters en seuns kom ondersteun het gedurende die Mini-sportdag. Mens kon voorwaar die Roodie-gees weer sien en voel.

#Mini-netbal, #Welpie-rugby, #RoodieMassadeelname

### Laerskool Louw Geldenhuys: Sportdag

Die Welpie-rugby seuns gaan deelneem aan Laerskool Louw Geldenhuys se Sportdag op **Saterdag, 23 April te Laerskool Louw Geldenhuys.**

Die inligtingsbrief sowel as die spanlyste is gelaai op TEAMS.





Ons wil graag net ons ouers herinner dat die Mini-sportsoorte op massadeelname fokus, dus roteer die spelers om almal gelyke geleenthede te gee.

#RoodieMassadeelname, #RoodieNetbal, #RoodieRugby

## 0/9 Pa- en seunnaweek

Uiteindelik het die naweek aangebreek vir die 0/9-seuns en hul pa's vir die Pa- en seunnaweek wat plaasvind die naweek. Ons glo ons seuns en pa's gaan 'n heerlike kamp en kwaliteittyd saam kan spandeer.

## RUGBY

Baie sterkte aan al ons **0/9- tot 1-ste spanne** wat **Dinsdag, 26 April** hul eerste ligawedstryde teen Laerskool Randhardt by ons skool speel. Ons weet julle het baie hard geoefen en voorberei vir die ligawedstryde.

Die finale reëlings sowel as die spanlyste en vervoerskamel sal vandag op TEAMS gelaai word.

#Roodierugby

## NETBAL

### Roodie-Netbaltoernooi vir C- en D-spanne

**Saterdag, 23 April 2022** bied ons skool 'n Roodie Netbaltoernooi vir die C- en D-spanne aan. Die deelnemende skole is Laerskool Roodekrans, Laerskool Orion, Laerskool Muldersdrif, Laerskool Middelburg, Laerskool Wierdapark en Laerskool Dr. Havinga.

Ons is baie opgewonde en sien uit na 'n heerlike dag van kompeterende netbal.

### Ligawedstryde teen Laerskool Fairland

Ons O/10- O/13-netbalspanne het gister, 21 April teen Laerskool Fairland baie geniet. Ons Roodies was flink op die baan en het hulle allerbeste gegee. Al die wedstryde het in goeie gees plaasgevind. Baie dankie aan al ons ondersteuners wat die dag bygewoon het.





Ons wens ook weer ons 8 dogters wat Woensdag, 27 April in die finale ronde van die Gautengproewe speel alle sterkte toe. Ons kyk met trots hoe julle vorder en hou styf duim vas.

## Ligawedstryde teen Laerskool Horison

Baie sterkte aan al ons 0/10- tot 0/13-spanne wat **Donderdag, 28 April** ligawedstryde teen Laerskool Horison speel **te Laerskool Horison.**

#Roodienetbal #Eendoelvoorö

## SENIORKOOR

### Seniorkoor: Hoërskool Monument Koorfees: 21 April

Na twee jaar wat die koor nie kon optree nie, het die seniorkoor gisteraand hulle eerste optrede vir die jaar gehad. Leerders en ouers was baie opgewonde en ten spyte van beurtkrag het die aand goed verloop en ons koor het hulle goed van hul taak gekwyd. Baie dankie vir almal se ondersteuning.

Die ys is nou gebreek en ons sien uit na nog optredes asook die kunswedstryd wat in Augustus plaasvind.

### Neem solank kennis van die volgende datums van optredes:

**Dinsdag, 3 Mei:** The King's School Robin Hills

**Vrydag, 27 Mei:** Hoërskool Linden Koorfees

Volledige inligting sal deurgegee word.

#RoodieKultuur #RoodiesSing

## BERGFIETS

Ons oefengronde verskuif na Hobby Park van **Woensdag, 20 April om 16h45 tot 17h45.** Die koste beloop R100.00 per leerder per maand.

Elke leerder is verantwoordelik om die kostes self te dra en al die gelde word by Hobby Park aan Hobby Park betaal.





Hobby Park verskaf dan die leerders met 'n kaart wat hulle moet wys elke keer wanneer ons oefen of wanneer die leerders op hulle eie wil oefen. Al die leerders wat die R100.00 betaal, mag dan vir daardie maand enige tyd by Hobby Park gaan bergfiets ry.

Oefentye bly steeds **elke Woensdag vanaf 17h00 tot 17h45**.

Dankie aan Hobby Park wat aan ons 'n veilige omgewing bied wat ook meer gepas sal wees vir bergfiets wat as 'n sport beoefen kan word.

## REDENAARS

### ATKV redenaars

Baie sterkte aan die volgende sprekers wat gaan deelneem aan die eerste ronde van die ATKV-redenaarskompetisie wat op **Vrydag 22 April by Hoërskool Linden** plaasvind.

Ons is baie trots op julle.

### Graad 1-3:

- Michaela du Plessis
- Paul de Beer
- Jaydon van Zyl
- Mikah van Wyk
- Ziané Delpont
- Diani du Plessis

### Graad 4-5:

- Aaron Blake Anderson
- Liam Steynberg
- Danica du Plessis
- Janco Esterhuizen
- Ruben Kleinsmith
- Logan de Kooker

### Graad 6-7:

- Amerize Kleinsmith
- Bianca Phyfer
- Xander Lombard





- Chanté Delport
- John Butner
- Kayden de Kooker

#Roodiekultuur #Roodiesklets

### Roodie-Gholfspanproewe

Roodies is opgewonde om vanmiddag, **22 April te Ruimsig Gholfbaan** al die belangstellende seuns en dogters by die 1ste-rondte proewe te sien vanaf **14:30 – 16:00**.


Op **Vrydag 29 April**, vind die 2de-ronde plaas wat dan die baanproewe sal wees. Dit sal ook by Ruimsig Gholfbaan plaasvind. Alle betrokke leerders sal vroegtydig in kennis gestel word.

### Landloop

Landloopoefening vir volgende week vind op **Maandag, Dinsdag en Donderdag** plaas van 16:00 tot 16:45.

Leerders moet asseblief hulle tekkies onthou.

Groete

  
HOOF